

Vrydag 2 September

Skrifgedeelte: Matteus 24:3-6 (AFR20); lees ook Markus 13:1-12

Fokusgedeelte: Matteus 24:3

Gee ons 'n teken

Die gebeure vind plaas op die Dinsdag van die lydensweek. Jesus was saam met sy dissipels op die tempel terrein. Volgens Markus het een van Jesus se dissipels Jesus se aandag gevra vir die indrukwekkende klippe en geboue.

Toe kom Jesus se skokkende aankondiging: “Sien julle hierdie geboue? Amen, Ek sê vir julle: Hier sal beslis nie een klip op die ander gelaat word nie – alles sal afgebreek word” (Matt. 24:2).

Toe Jesus 'n rukkie later saam met sy dissipels op die Olyfberg gesit het, het hulle oor die vallei gekyk en die pragtige tempel gesien. Kan dit wees dat die tempel in sy geheel verwoes sal word? Daarom die vraag: “Sê vir ons wanneer sal hierdie dinge plaasvind en wat is die *teken* van u koms en die voleinding van die tyd?” Die dissipels het gedink dat die verwoesting van Jerusalem gaan saamval met die voleinding van die wêreld. Die verwoesting van Jerusalem val nie saam met die voleinding nie, maar is tog die *profesie* van die voleinding van die wêreld.

Onself het 'n geloofshongerte om meer te weet oor die voleinding. Wanneer? Wat is die teken?

Let daarop dat hulle nie vra vir *tekens* nie, maar 'n enkele *teken*. Hierdie vraag het die Here beantwoord. Hy noem oorloë en opstande, groot aardbewings, hongersnood en pessiëktes, selfs verskriklike dinge en groot tekens van die hemel. Hoewel dit tekens is, sal dit nie tekens wees van die onmiddellike einde van Jerusalem nie. Die een teken wat sal uitstaan, is: “Wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingel sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is” (Luk. 21).

So sal daar in die laaste dae baie voorlopige tekens van sy wederkoms wees, maar in werklikheid sal dit saamtrek in een enkele teken: Jesus wat in 'n wolk kom. Daardeur sal almal weet: Dit is die voleinding. Hieroor moet ons ons nie laat mislei nie. Wag biddend op die oomblik van sy wederkoms in 'n wolk.

Sing: Skrifberyming 15-7:5

Ds. MJ Smidt (Tinus) (emeritus)